

REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 3

#3C = Commitment



A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.



C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 5 min videogreep uit The Chosen:
<https://www.youtube.com/watch?v=dIBOmQ1PaMY>

D: WANDEL IN DIE WOORD

Vra iemand om die volgende te lees:

Teks gedeelte: Lukas 5:17-26

¹⁸Onverwags kom daar mense met 'n verlamde man op 'n draagbaar aan, en hulle probeer om hom die huis in te bring en voor Jesus neer te sit. ¹⁹Toe hulle vanweë die gedrang nie kans sien om hom in te bring nie, klim hulle op die dak en laat hom met draagbaar en al deur 'n opening tussen die dakteëls afsak tussen die mense in en vlak voor Jesus. ²⁰Toe Hy hulle geloof sien, sê Hy: “Mens, jou sondes is jou vergewe.”

Nog teksgedeeltes:

Rom 12:11; Efs 6:5-7; 1 Tim 4:8 ; Mark 10:46-52



E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Wat beteken **commitment**?
2. Wat is die dinge in jou lewe waaraan jy **committed** is?
3. Wat beteken **commitment** in 'n verhouding?
4. Wat beteken **commitment** aan Jesus? Wat verander in jou hart wanneer jy **commit** tot Jesus? Wat sien mense dan raak in jou lewe?
5. Wat kan ons leer uit die verlamde man se vriende se **commitment**?

F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef. Commitment roep ons altyd op tot aksie.

Voorbeelde: Commit weer tot die belangrikste verhoudings in jou lewe. Wat gaan jy prakties vir Jesus / jou lewensmaat / vriende / kinders wys of doen omdat jy committed is tot hulle?

Luister na die volgende lied **Committed van Newsboys**. Maak dit jou temalied vir die week: https://www.youtube.com/watch?v=b0Tn_r-XYWw

G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed. Kuier nog bietjie saam 😊



REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 3

#3C = Commitment GESPRESRIGLYNE

(Ds Cor Swart)



ONTHOU...

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

Die verhaal van Jesus wat die verlamde man genees is aangrypend. Jesus reageer nie op die verlamde man self se geloof nie (anders as die melaatse of die blinde Bartimeus wie se eie geloof vir Jesus aanraak), maar op die geloof en commitment (toewyding) van sy vriende! Die verlamde man se vriende wil hom help. Hulle besef dat God vir Jesus krag gegee het om mense gesond te maak (vers 17). Maar as gevolg van die baie mense kan hulle nie naby Jesus kom nie (vers 18). Hulle staan dus voor 'n keuse – gee moed op of maak 'n ander plan.

Commitment beteken dat ons nie tou opgooi of iets halfhartig doen nie. In ons vorige week se gesprek (#2C-Christ-centered) het ons bely dat Christus die middelpunt van ons geloof is. Hy is die Begin en Voleinder van ons geloof wat maak dat ons in ons lewenswedloop nie moeg word en uitsak nie. Commitment kan net gebeur as jy jouself heeltemal aan Christus oorgee. Die vriende maak 'n plan (hulle gee nie op as daar struikelblokke in die lewe is nie).

In die Bybelse tyd was die huise van klip gebou met plat dakke wat met 'n mengsel van strooi en modder gemaak is. Huise het ook gewoonlik trappe aan die buitekant gehad sodat jy maklik op die dak kan kom. Die vriende dra die verlamde man teen die trappe op tot bo op die dak en maak dan 'n gat in die dakmengsel sodat hulle hom tot by Jesus kan laat sak (vers 19). Jesus reageer op die vriende se commitment en geloof (vers 20)!

Die Afrikaanse vertaling vir commitment is **TOEWYDING!**
Toewyding beteken om jou heeltemal aan iets of iemand oor te gee – om iets met oorgawe te doen.

Jesus se eerste reaksie is nie om vir die verlamde man te sê staan op en loop nie, maar jou sondes is vergewe. Jesus het mag om vir ons baie meer te gee as net ons aardse behoeftes te bevredig. Gaan lees vers 23 tot 25 om dit beter te verstaan.

Commitment laat God toe om ongelooflike dinge in ons lewens te doen (vers 26). Ons kan nie halfhartig dinge vir God doen nie. Ons kan ook nie halfhartig in ons huwelike, verhoudings, werk of skoolgaan wees nie. Soos Paulus dit so mooi stel in Efs 6:7 “*Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie.*”

Onthou Romeine 12:11 as julle oor commitment dink:

Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here.

